
# Die Woord word gesaai





2022-08-28

AGS Rayton
Past Gustav van Aardt

## Inleiding



- **4 Tipes grond**





















## Gelykenis van die Saaier

Mat 13:1 En op daardie dag het Jesus uit die huis uitgegaan en by die see gaan sit. 2 En groot menigtes het by Hom vergader, sodat Hy in 'n skuit geklim en gaan sit het. En die hele skare het op die strand gestaan. 3 En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n Saaier het uitgegaan om te saai; 4 en terwyl hy saai, val 'n deel **langs die pad**, en die voëls het gekom en dit opgeëet. 5 En 'n ander deel het op **rotsagtige plekke** geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte van grond was nie; 6 maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog. 7 En 'n ander deel het in die **dorings** geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. 8 En 'n ander deel het in die **goeie grond** geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig. 9 Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

## Die Saad

Saad = Die Woord van God se Koninkryk

- Boodskap van redding
- Goeie saad
- Doen iets met saad
- Kragtig
- Lewensveranderend




## Saad

1Pe 1:23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit **onverganklike**, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.



## Saad

Kol 1:5 vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die **woord van die waarheid van die evangelie**, 6 wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en **dit dra vrug**, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het;



## Die Saaier

Saaier = Jesus en Sy arbeiders

- Christus self deur die Woord
- Arbeiders = ek en jy


1Kor 3:9 Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.



## Die Grond

Grond = Harte en siele van mense





**Gelykenis van die Saaier - Verduidelik**


Mat 13:18 Luister julle dan na die gelykenis van die saaier. 19 As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie **langs die pad** gesaai is. 20 En by wie op **rotsagtige plekke** gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; 21 maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir ‘n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik. 22 En by wie in die **dorings** gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar. 23 En by wie op **die goeie grond** gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd,die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

## 1. Die saad langs die pad

Mat 13:4 en terwyl hy saai, val ‘n deel **langs die pad**, en die voëls het gekom en dit opgeëet.
Mat 13:19 As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie langs die pad gesaai is.

- Hoor maar verstaan en begryp nie
- Word gesteel deur die duiwel – doelbewus
- Bedek en versorg nie die grond nie





## 2. Rotsagtige plekke

5  En ‘n ander deel het op **rotsagtige plekke** geval waar daar nie baie
grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte
van grond was nie;  6  maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en
omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.
20  En by wie op **rotsagtige plekke** gesaai is—dit is hy wat die woord
hoor en dit dadelik met blydskap aanneem;   21  maar hy het geen
wortel in homself nie, hy is net vir ‘n tyd, en as daar verdrukking en
vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.




## 2. Rotsagtige plekke

- Eers groot blydskap en ywerig
- Warm vir die Here
- Geloof kos egter opofferings.
- Swaarkry en verdrukking laat hulle struikel
- Hoekom?  “Geen wortels”
- Die son verskroei hierdie saad




## 2. Rotsagtige plekke

**Openb 3:10** Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

## 3. In die Dorings

7 En 'n ander deel het in die **dorings** geval, en die dorings het opgekom en dit verstik.
22 En by wie in die **dorings** gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar.

- Sorge en bekommernis
- Verleiding van rykdom
- Plesier en liefde vir wêreld
  - Rom 12:2
- Dinge van die vlees
- Jy gaan moet kies wat is vir jou die belangrikste



# 4. Goeie Grond

8 En 'n ander deel het in die **goeie grond** geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.
23 En by wie op **die goeie grond** gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd,die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

- Hoor en verstaan





# 4. Goeie Grond



- Hoor en verstaan
  - Heilige Gees moet jou lei
  - Wees Leerbaar
  - Getrouheid
  - Daders van die woord (Jak 1:22)
- Goeie grond moet skoon gehou en bewerk word
  - Deel met sonde
  - Deel met die dorings
  - Voeding
- Dra vrug
  - Strewe na die maksimum



## Afsluiting

**Joh 15:8** Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.



AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



18